# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 38

## 18 September 2022

**Genade..**

**Jona**

**God wys genade**
**Die verhaal herinner ons dat Jona nie gehoorsaam aan God was nie. Toe Hy hom egter van sy verkeerde weê bekeer, het God (in Sy genade) Jona se gebed verhoor en genade betoon. "In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor." – Jona 2:2**

**Bekering is kragtig**
**"Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het. Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie. Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie." As ons sondig en ons bekeer van ons weë en berou toon, sal God net so genadig wees en ons van vernietiging bewaar. – Jona 3:8-10**

**God is in beheer van alles**
**"Toe laat die Here God 'n komkommerplant opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om skaduwee te gee vir sy kop en om hom van sy misnoeë te bevry. Jona was baie bly oor die komkommerplant. Die volgende more met dagbreek laat God toe 'n wurm kom, end it het aan die komkommerplant gevreet, sodat dit verdroog het. Toe die son opkom, het God 'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat waai." – Jona 4:6-8.**

**In hierdie gedeelte is dit duidelik dat die Skepper van die heelal steeds in beheer is van die hele wêreld en die natuurkragte. Wanneer ons na Hom roep, kan Hy die see laat bedaar, die winde laat gaan lêen selfs 'n plant vir skaduwee skep.**
**Laat ons dus nie talm om vergifnis te vra en die Here te dank vir Sy genade nie; laat ons in ons donkerste dae onthou dat Hy steeds in beheer van die heelal is. – Gawie de Lange**

**"Dankie!**

**Vir die liefde van God en Sy goedheid teenoor sondaars – dat Hy onvolmaakte mense liefhet. Hy is 'n God van tweede kanse en Hy hoor ons gebede!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Janine Vorster
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Hanna Pienaar.
- Suzelle Barkhuizen.
- Annika Killian
- Lilian van Zyl
- Oom Hannes Stolz .
- Wally Fourie

Susan van Zyl
Enid Kruger
Juan Strijdom
Martie van Staden
Marné Holtzhausen
Eberhard Carshagen
Tannie Bets Coetzee
Lucinda Graaff
Gert Keulder
Louis Strauss
Martie van Staden
Ina van der Merwe
Phillip de Jager

## Gedagte vir die week

**Jou slegte dae is nooit so sleg dat jy buite bereik van God se genade kan val nie; maar jou goeie dae is ook nooit so goed dat jy sy genade nie meer nodig het nie.**
**- Jerry Bridges-**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org